

JEUG: PAASFEES HERDENKING - Die Paasfees Verhaal

1. PRAISE EN WORSHIP

2. VIDEO CLIP: Easter Accoding to Kids

3. PAASFEES QUIZ:

- Kom ons kyk gou hoeveel weet JULLE van Paasfees
- Deel die Quiz vir die groepe uit en kyk wie is eerste klaar met die regte antwoorde

4. PAASFEES:

Vraag in die groepe:

- Hoekom is Paasfees ons as kinders van God se belangrikste fees?

Ons gaan vanaand so bietjie kyk na wat alles tydens Paasfees gebeur en hoekom dit vir ons as God se kinders so belangrik is.

JESUS SE INTOG IN JERUSALEM:

Jesus en Sy dissipels was oppad Jerusalem toe, en toe hulle naby was het Hy vir twee van sy dissipels gesê om vooruit te gaan en vir Hom 'n donkie gereed te kry om op te ry. Dit het nie lank voor Jesus se kruisiging gebeur nie, en het vervul wat die profeet Sagaria oor Hom geprofeteer het "Kyk, jou Koning kom na jou toe; Hy is nederig en Hy ry op 'n donkie, op die vul van 'n pakdier"

Soos Jesus deur die strate op die donkie gery het, het mense van hulle klere en takke op die straat gestrooi en geskree "Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel"

- **Videoclip:** The Lord's Triumphal entry into Jerusalem
- **Paasfees krans:** vat nou die versie oor "Jesus kom Jerusalem binne", en sit dit op julle krans, dan die donkie en die palmtak
- **Gesels in julle groepe oor:** Hoe kan Ek Jesus se naam elke dag in my lewe grootmaak?

DIE PAASMAALTYD:

Jesus en Sy dissipels is hierna na 'n man se huis waar hulle die paasmaaltyd geëet het. Terwyl hulle so aan tafel sit het Jesus vir hulle gesê dat die een wat hom sou verrai saam met hulle aan tafel sit. Jesus sê toe dat dit die een is wat sy hand saam met Hom in die skottel sit. Judas het sy hand saam met Jesus in die skottel gesit en gevra of dit hy is. Jesus sê vir hom: Dit is soos jy sê.

Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: "Neem, eet; dit is my liggaam". Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: "Drink almal daaruit, want

dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.

Paasfees krans: vat nou die versie “Die Laaste Maaltyd”, en sit dit op julle krans, dan die beker.

Nagmaal: Ek het nou die instelling van die nagmaal geles. Die Bybel sê dat jy NIE van die nagmaal mag gebruik as jy iets teen iemand het, of iemand nie vir iets vergewe het nie, want dan eet en drink jy ‘n oordeel oor jouself.

Ons gaan nou ‘n videoclip speel, en terwyl dit speel wil ek hê jy moet bid en jou sondes voor God belei – maak skoon voor God. Wanneer jy dan reg is en graag wil, dan kan jy die nagmaal SELF kom haal en gebruik. ONTHOU asb dat jy NIE die nagmaal kan gebruik as jy nie jou hart vir Jesus gegee het nie, want dan het jy NIE deel aan SY liggaam en SY bloed soos die nagmaal leer nie. Die nagmaal is ‘n verbond – ‘n ooreenkoms wat God met Sy kinders sluit.

Videoclip: Here at Your table with Holy is He – The Last Supper

JESUS IN DIE TUIN VAN GETSEMANE

Nadat hulle geëet het, is Jesus en Sy dissipels na die Tuin van Getsemane toe. Hy was baie bang en benoud oor dit wat Hy geweet het vir Hom voorlê, en het vir God gevra dat as dit God se wil is, God dit moet keer, en dit nie laat gebeur nie – maar God moet doen soos Hy wil en nie soos Jesus wil nie. Jesus is hier in die Tuin van Getsemane gevange geneem, en al sy dissipels het Hom in die steek gelaat en weggehardloop.

Paasfees krans: vat nou die versie “Jesus bid in Getsemane” en sit dit op julle krans, dan die biddende hande.

Gesels in julle groepe oor: hoe ons Jesus elke dag verrai in ons lewens.

JESUS WORD GEKRUISIG:

Nadat Jesus in die Tuin gevange geneem is, is Hy deur Sy eie mens tot die dood veroordeel. Hulle het besluit dat Hy aan ‘n kruis moes sterf.

Onthou Jesus is gemartel voordat Hy gekruisig is. Met martel word stukke vleis uit jou lyf geruk. Daar is twee BAIE belangrike teksverse waarvan ons moet weet wanneer ons oor Jesus se kruisiging praat:

Jes 52:14 “Baie mense was ontsteld oor Hom, Hy was so misvormd dat Hy nie meer soos ‘n mens gelyk het nie, nie meer die voorkoms van ‘n mens gehad het nie”

Kan jy jou vir EEN oomblik indink hoe Hy moes gelyk en gevoel het? Vir MY en JOU!!

Jes 53:5 “Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom

Wat Jesus tydens sy kruisiging deurgemaak het, was vir JOU en vir MY! Vir ONS sondes, die straf wat Hy deurgemaak het, was vir ONS bedoel, maar Hy was bereid om dit in ons plek te dra.

Paasfees krans: vat nou die prentjie met die kruis op en sit dit onder in die middel neer. Sit dan die versie: “Jesus word gekruisig” langs dit neer.

Videoclip: The crucifixion of Jesus

Alleentyd: Ek hoop dat jou hart vanaand aangeraak is deur dit wat Jesus vir JOU gedoen het. Ons gaan nou so paar minute gee waar jy met Jesus kan gesels. Jy kan vir Hom dankie sê dat Hy jou straf in jou plek gedra het. Jy kan jou sondes belei en vergifnis daarvoor vra. Jy kan jou hart vir Jesus gee – vir die eerste keer – of weer ‘n keer.

OPSTANDING VAN JESUS:

Nadat Jesus gekruisig is, was Hy vir drie dae in die graf gewees – in daardie tyd het Hy die dood / satan se mag oor ons kom breek. Hy het die sleutels van die dood gaan haal. Die amazing deel van die verhaal van Jesus se kruisiging is dat Hy op die derde dag opgestaan het, en dat Hy nie dood – in die graf – gebly het nie. Die Jesus wat ons aanbid is nie dood nie, Hy LEEF!

Paasfees krans: vat nou die prentjie van die leë graf en sit dit volgende neer, dan die versie: “Opstanding van Jesus”

Videoclip: Jesus rise from death

HEMELVAART VAN JESUS:

Nadat Jesus uit die dood opgestaan het, het Hy vir 40 dae nog aan sy dissipels verskyn en tekens en wonders gedoen. Na die 40 dae het Hy opgevaar hemel toe, waar Hy vir sy kinders plek voorberei totdat Hy ons kom haal.

Paasfees krans: vat nou die versie “Hemelvaart van Jesus” en sit dit volgende op julle krans neer, en dan die prentjie van Jesus se hemelvaart.

DIE HEILIGE GEES WORD UITGESTORT:

Voordat Jesus opgevaar het hemel toe, het Hy vir Sy dissipels gesê om te wag in Jerusalem waar hulle binne ‘n paar dae met die Heilige Gees gedoop sou word. Op die dag van die Pinksterfees was hulle almal op een plek bymekaar, skielik was daar ‘n geluid uit die hemel soos van ‘n vreeslike stormwind, en was die hele vertrek vol waar hulle gesit het. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.

Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het, om met Sy hulp te doen.

Paasfees krans: vat nou die versie “Die Heilige Gees word uitgestort” en sit dit volgende op julle krans neer, en dan die prentjie van die vuur met die duif halfpad oor die vuur.

5. AFSLUITING:

Paasfees is ‘n tyd wat ons moet gebruik om weer te dink aan wat Jesus vir ons gedoen het, en wat dit vir ons beteken. Dis ‘n tyd waarin ons moet besluit of ons lewens wys dat ons aan Jesus behoort, en indien nie, ons saak met Hom weer moet regmaak.

Dis ook ‘n tyd waarin jy miskien vir die eerste keer regtig geraak word deur dit wat Jesus vir JOU kom doen het, en besluit om jou lewe vir Jesus te gee. Moenie dat hierdie tyd by jou verbygaan sonder dat dit verandering in jou lewe gebring het nie, want dan was Jesus se offer verniet gewees!

Ons gaan nou afsluit met die pragtige liedjie van Newboys – We Believe. As jy vanaand wil regmaak met God, vir die eerste keer of weer 'n keer – bly agter by jou leier en hulle sal jou verder help.

Videoclip: We believe